SABTV Venster

Januarie 2025

Uitgawe
Nr.76

Beste SABTV Lede - Dit is alreeds Februarie, maar ek wil weereens vir elkeen van julle ‘n baie voorspoedige 2025 toewens. Volgens Landboukundiges lyk die vooruitsigte vir die Suid-Afrikaanse landbou hierdie jaar rooskleurig, met die moontlikheid van ’n hersteltydperk na onlangse uitdagings. Wêreldwye weervoorspellers, insluitend die Internasionale Navorsingsinstituut vir Klimaat en Samelewing (IRI), voorspel die moontlikheid van ’n La Niña-weersituasie tot April. Hierdie gebeurtenis bring tipies bo-gemiddelde reënval na Suid-Afrika en die breër Suider-Afrika. Ek weet daar is dele waar dit nog bitterlik droog is, ek hoop van harte dat hierdie weersituasie ook by julle van toepassing sal wees.

In Johan Kotzé, Uitvoerende hoof van AgriSA se onlangse gesprekke met boere was een boodskap duidelik: Hulle bly verbind tot boerdery. Ondanks politieke onsekerheid sal hulle voortgaan om voedsel te produseer, landelike ekonomieë te ondersteun en landbougroei aan te vuur. Dit is presies hoe ek ons boere ken, uithou en aanhou, al is dit ook in baie moeilike omstandighede.

My hoop vir hierdie jaar is dat ons met die nodige kreatiwiteit met oplossings vorendag sal kom wat ons bokboerderye nog beter sal laat funksioneer. Ons moet te alle tye streef na ‘n vooruitstrewende bedryf, waaruit almal kan baat en geld maak. Want as ons boere nie geld maak nie, kan net mooi niks werk nie!

Ek is nou geen wetenskaplike of iemand met ’n vreeslike sê nie, maar ek dink 2025 hou vir ons blinkpels vee en ’n groot klomp glimlagte in!

Geniet die eerste Venstertjie van die jaar, en lekker boer.
Vriendelike groete,
Michelle

Battle of the Goats uitslae 2024 - bultfontein

463 Diere is ingeskryf deur 20 vertoners
Beoordelaars: Tollie Jordaan & Casper Byleveld
Ringbeampte/Aankondiger: Kenneth Hamlett

Junior Kampioen ooi- Coné stoet
Boerbok reserwe Junior Kampioen ooi- Coné stoet
Kalahari reds Junior Kampioen ooi- Maize Valley Farms
Kalahari reds reserwe Junior Kampioen ooi- Arragon Farms

Boerbok Junior Kampioen ram- Maize Valley Farms
Boerbok reserwe Junior Kampioen ram- Coné stoet
Kalahari reds Junior Kampioen ram- CMLW
Kalahari reds reserwe Junior Kampioen ram- CMLW

Boerbok Senior Kampioen ooi- Coné stoet
Boerbok reserwe Junior Kampioen ram- Welgeleë boerbokke
Kalahari reds Senior Kampioen ooi- CMLW
Kalahari reds reserwe Senior Kampioen ram- CMLW

Boerbok Senior Kampioen ram- Aegagrus boerbokstoet
Boerbok reserwe Junior Kampioen ram- Hakuna Matata boerbokke
Kalahari reds Senior Kampioen ram- CMLW
Kalahari reds reserwe Senior Kampioen ram- CMLW

Boerbokke Groot Kampioen ram- Maize Valley farms
Boerbok Reserwe Groot kampioen ram- Aegagrus boerbokstoet
Kalahari Reds Groot Kampioen ram- CMLW
Kalahari reds Reserwe Groot Kampioen ram- CMLW

Boerbokke Groot Kampioen ooi- Coné stoet
Boerbokke Reserwe Groot Kampioen ooi- Coné stoet
Kalahari Reds Groot Kampioen ooi- CMLW
Kalahari Reds Reserwe Groot Kampioen ooi- Maize Valley farms

SA Boerbok teler van kampioene - Coné stoet
Sa Boerbok Meeste Punte- Maize Valley Farms
Kalahari reds teler van kampioene- CMLW
Kalahari reds Meeste Punte- Arragon Farms

**Uitbring kursus 1ste van sy soort.* - Barend Koen*

Die Oos-Kaap boerbok klub, met goedkeuring van die SABTV het op 23 November 2024 sy 1ste uitbring kursus aangebied met groot sukses!

Van die Oos-Kaap Boerbok Klub lede het die behoefte gehad om te leer hoe om ’n bok reg te kry vir ’n veiling/Skou - "Want ek kry myne nie om só te lyk nie"

Die 1ste dag kursus het bestaan uit 3 afdelings nl. “grooming”, voer, en foto's. Die 3 afdelings moet ordentlik uitgeoefen word vir ’n dier om asem weg te slaan. Neem 1 afdeling weg en jy's uit die kollig.

Pw Botha het vir ons ’n span kenners bymekaargesit om die dag te lei. Hy het ook self sy kennis gedeel met vrae uit die groep. Hennie le Roux (Witsand BBS) het sy vaardigheid met die skêr tentoon gestel en almal het 2 of 3 bokke self ook voorberei om hul nuwe inligting vas te lê.

Michelle Kruger het almal kamera vaardighede geleer. Bokke kan met dié kennis goed vir bemarking afgeneem word. Oom Leon Meiring van 333 voere (Cradock) het sy voer tentoongestel en handige raad gegee rondom diere reg voer.

Die kursus was by BSK BBS gehuisves buite Paterson waar almal lieflike akkommodasie en kosse geniet het. Die kuier en verhoudings bou dra ook by tot verbeteringe in almal se bestuur.

Die rasstandaard boekie was ook uitgedeel vir almal wat bygewoon het.

Daar is klem gelê op die feit dat diere nie gemanipuleer moet word nie. Bokke moet geteel word om aan die rasstandaard te voldoen en die kursus se doel was alleenlik om diere se eienskappe beter na vore te bring.

Na afloop van die kursus kom mens onmiddellik sien dat die kennis benut was met telers wat alreeds dit toegepas het by hul bemarking.

VOORBEREIDING VAN BOERBOKKE VIR SKOU:

deur : Lukas Burger

Skou is volgens baie mense 'n geval van wie kan die beste voer of wie het die beste hanteerder. As dit maar die geval was sou skou 'n “piece of cake” gewees het. Ongelukkig is daar baie meer harde werk, toewyding en hare op jou tande nodig.

<u>Kom ons begin by die begin:</u>

1 U moet weet wanneer die skou of skoue is waarvoor u wil voorberei. Dit bepaal wanneer die bokke begin voer word.
   - a Dit hang af van die kondisie van die bokke en of hulle voerkraal toestande gewoond is al dan nie. Bokke wat reeds voorheen geskou het kan 'n mens binne 3 maande afrond. Andersins neem dit langer self s tot 6 maande.
   - b Ooie 4 tand en ouer moet sigbaar dragtig wees of lammers soog tydens 'n skou. Dit kom daarop neer dat u die groep ooie moet paar 3 - 4 maande voor die skou. **Waarskuwing:** te swaar dragtige ooie vervoer moeilik en raak gou skou sku. (suur)
   - c Voer van ramme vir 'n skou moet liefs in groepe van 5 - 7 ramme gedoen word. As groepe groter word groei hulle nie na wense nie a.g.v. seksuele aktiwiteite. Groter ramme moet ook waar moontlik weg van ooie gevoer word. Onthou ramme kan in ’n dekseisoen maklik 10-15kg verloor net deur bronstige ooie te ruik.
   - d Ooie kan groter groepe gemaak word. Goeie praktyk is om hulle in ouderdom groepe op te deel.

2 Sny van hoewe of kloue ± elke 3 weke afhangende van hoe nat of hoe droog u toestande is. Terrein waar diere loop speel ook 'n rol. Op harde terrein sal hulle kloue minder gereeld gesny word.

3 **Trim van bokke: Dit word gedoen 2-3 dae voor die skou.**
Wat word weggetrim?
   - a Hare wat 'n knop voor die kop vorm.
   - b Hare op die nek. (maanhaar)
   - c Hare by die voorbene, kroontjie onder by die pens en hare by agter bene. (Hierdie plekke word baie effens getrim.
   - d U kan ook die stert hare trim.
   - e Bokke word ook gekam om al die dons hare te verwyder.

4 Trim of skuur van horings.a Skerp rif op horings kan weg gerasper of geskuur word.
   - b Horings as geheel kan glad geskuur word.

5 Beplanning van skouspan:
   - a U het reeds die beste groep bokke geselekteer om te voer vir die skou.
   - b Nou weeg u die bokke en haal die bestes uit in elke gewig- of tand klas, bv. 4T of 6T of soos in die buiteland in elke ouderdomsklas.

6 Was van bokke. Die dag voor die skou was u die bokke wat u wil skou. Gebruik gewone skottelgoed seep. Nou is u bokke pragtig wit en skoon en gereed vir die skou.
Praktiese wenk: Spuit maar elke bok wat u wil skou die aanbevole dosis antibiotika voor u hulle was en vervoer vir die skou. Glo my dit spaar u baie skade en trane. Dit voorkom longontsteking, pasteurella en verminder stres.

7 **U arriveer by die skou**.

a Glo my, u senuwees is op. Is my bokke goed genoeg, vet genoeg, mooi genoeg en groot genoeg? Toemaar, dit is normaal.

b Laai u bokke af en sit hulle in die skou hokke in groepe soos wat hulle by die huis was - hulle ken mekaar.

c Moet nooit te veel bokke in een hok sit nie, hulle moet vir 2 - 4 dae in daardie hokkies bly.

d Gee presies dieselfde voer as by die huis.

e Smeer al die bokke se horings en rooi areas olie om glans te gee. (Gewone motorolie)

8 **Beoordeling begin.**

a Maak seker u neem die regte bok vir die regte gewigsgroep of ouderdom.

b Wanneer u of u hanteerder die bok in die ring los, wys hom vir die beoordelaar en wees trots op hom. Dit is immers die beste wat u het. **Moet nooit die bok sleep nie**, dit kan sy kootgewrigte pap maak.

c U het nou die punt bereik wat u niks meer kan doen nie. Neem u prys en “skoert” uit die ring uit! (Grappie)

Skou is verby. Ek hoop u het iets uit die beoordeling geleer. As u nie geleer het nie, vergeet die skou vinnig en gaan na die volgende skou.

As u bokke goeie en korrekte bouvorm, groei vermoë, grootte en goeie bene het, kan u hulle komplimenteer met goeie kondisie en sal hulle pryse kry. As dit nie die geval is nie, kan u hulle voer tot volgende jaar en u sal nie sommer 'n prys wen nie. (Feeding is half the breeding, but never forget the breeding!)

Prakties aangebied deur Hennie le Roux

$STATSITEMRAS 18-01-2025-KAROO BOERB

ITEM	RAS	GETAL	MAX_AMT	AVG_AMT
BOOI	BOERBOK	,41.00	8,500.00	5,146.34
BRAM	BOERBOK	,13.00	23,000.00	9,846.15
DBOOI	BOERBOK	,9.00	10,000.00	5,555.56
SBOOI+L	BOERBOK	,3.00	7,000.00	6,666.67
SOOI	BOERBOK	,2.00	4,000.00	4,000.00
SRAM	BOERBOK	,2.00	18,000.00	14,000.00
DBOOI	BOERBOK A	,1.00	5,000.00	5,000.00
DSOOI	BOERBOK A	,2.00	8,500.00	6,750.00
SOOI	BOERBOK A	,2.00	7,000.00	5,500.00
SOOI + LAM	BOERBOK A	,1.00	12,000.00	12,000.00
SRAM	BOERBOK A	,1.00	10,000.00	10,000.00
BOOI	BOERBOK B	,1.00	4,000.00	4,000.00
DBOOI	BOERBOK B	,2.00	5,000.00	4,500.00
DSOOI	BOERBOK B	,3.00	20,000.00	10,833.33
SOOI	BOERBOK B	,2.00	7,000.00	5,500.00
SRAM	BOERBOK B	,1.00	8,000.00	8,000.00
BOOI	BOERBOK SP	,2.00	5,000.00	5,000.00
DSOOI	BOERBOK SP	,1.00	6,500.00	6,500.00
SOOI	BOERBOK SP	,3.00	16,000.00	10,333.33
SRAM	BOERBOK SP	,2.00	8,000.00	8,000.00

Sentraal Binneland Boerbokklub Streekkampioenskappe

Boerbok Vertoners: 20 Kalahari red Vertoners: 9 Savanna Vertoners: 6
Beoordelaars: Hein Booysen, Ivan van Heerden en saamloop deur Jan Blaauw (Namibie)
Ringbeamptes: Marius Smit, Hein Hamman, Cailen Dytor
Aankondiger: Marius Smit

Boerbok Junior Kampioen ram- Collen Boerdery
Boerbok reserwe Junior Kampioen ram: Karsten Boerdery
Kalahari reds Junior Kampioen ram- Salmon van Huyssteen
Kalahari red reserwe Junior Kampioen ram- Salmon van Huyssteen

Junior Kampioen Savanna ooi- Danie du Toit Savannas
Reserwe Junior Kampioen Savanna ooi- Kleinood
Kalahari reds Junior Kampioen ooi- Maize Valley Farms Kalahari reds
Kalahari red reserwe Junior Kampioen ooi- Salmon van Huyssteen
Boerbok Junior Kampioen ooi - Karsten Boerbokstoet
Boerbok Reserwe Junior Kampioen ooi - Karsten Boerbokstoet

Boerbok Senior Kampioen ram- Karsten Boerbokstoet
Boerbok reserwe Senior Kampioen ram- Karsten Boerbokstoet
Kalahari reds Senior Kampioen ram- Dhidejak Kalahari reds
Kalahari red reserwe Senior Kampioen ram- Dhidejak Kalahari reds

Boerbok Senior Kampioen ooi- Alvin Steenkamp Boerbokstoet
Boerbok reserwe Senior Kampioen ooi- Welgeleë boerbokke
Kalahari reds Senior Kampioen ooi- Maize Valley
Kalahari reds reserwe Senior Kampioen ram- Salmon van Huyssteen
Savannas Senior Kampioen ooi - Hakuna Matata
Savanna Reserwe Senior kampioen ooi - Trinity Farm

Boerbok groot kampioen ram- Karsten boerbokstoet
Boerbok reserwe groot kampioen ram- Collen Farming
Kalahari red groot kampioen ram- Salmon van Huyssteen
Kalahari red Reserwe groot kampioen ram- Salmon van Huyssteen
Savanna groot kampioen ram: Maize Valley
Savanna reserwe groot kampioen ram: Maize Valley

Groot kampioen ooi- Karsten Boerdery
Reserwe Groot kampioen ooi- Alvin Steenkamp
Kalahari red groot kampioen ooi- Maize Valley Farms
Kalahar red reserwe groot kampioen ooi- Maize Valley Farms
Savanna groot kampioen ooi-Hakuna Matata
Savanna reserwe groot kampioen ooi- Danie du Toit Savannas

Interras Ram - Kalahari Red van Salmon van Huyssteen
Interras Ooi - Boerbok van Karsten Boerdery

BoerbokkeTeler van Kampioene - Karsten Boerdery
Telers met Meeste Punte - Karsten Boerdery
Kalahari RedsTeler van Kampioene - Maize Valley
Savanna Teler met Meeste Punte - Salmon van Huyssteen Boer Goats
SavannaTeler van Kampioene - Maize Valley Boerbok ,Kalahari Red and
Savanna Telers met Meeste Punte - Hakuna Matata

ITEM STATS ROLL EXNS 25-01-2025-SENTRAALBIN

ITEMNAME	TURNVR	QTY	MAX_AMT	AVG_AMT	MIN_AMT
BOERBOK OOI KUDDE	165,000.00	24	9,500.00	6,875.00	5,000.00
BOERBOK OOI KUDDE & LAM	35,500.00	3	15,500.00	11,833.33	7,500.00
BOERBOK OOI KUDDE DRAGTIG	157,000.00	18	17,000.00	8,722.22	6,000.00
BOERBOK OOI STOET	22,000.00	2	14,000.00	11,000.00	8,000.00
BOERBOK OOI STOET DRAGTIG	91,500.00	6	20,000.00	15,250.00	10,000.00
BOERBOK RAM KUDDE	25,500.00	3	10,000.00	8,500.00	7,500.00
BOERBOK RAM STOET	42,000.00	1	42,000.00	42,000.00	42,000.00
KALAHARI RED OOI KUDDE	21,000.00	4	6,000.00	5,250.00	5,000.00
KALAHARI RED OOI KUDDE	38,000.00	6	10,000.00	6,333.33	5,000.00
KALAHARI RED OOI KUDDE DRAGTIG	28,000.00	3	12,000.00	9,333.33	6,000.00
KALAHARI RED OOI STOET	15,000.00	1	15,000.00	15,000.00	15,000.00
KALAHARI RED OOI STOET DRAGTIG	15,000.00	1	15,000.00	15,000.00	15,000.00
KALAHARI RED RAM KUDDE	6,000.00	1	6,000.00	6,000.00	6,000.00
KALAHARI RED RAM STOET	52,500.00	2	30,000.00	26,250.00	22,500.00
SAVANAH OOI KUDDE DRAGTIG	27,000.00	2	19,000.00	13,500.00	8,000.00
SAVANNA RAM KUDDE	22,000.00	1	22,000.00	22,000.00	22,000.00
TOTAAL	763,000.00	78			
VLOER	422,000.00	55%			
AANLYN	341,000.00	45%			
REGISTRASIES	60				
VLOER	26				
AANLYN	34				



Corné du Plessis | 076 101 9996
Marlise | 065 716 4689 (Aanlyn)
PW van Heerden | 083 627 4133 (Bemarking & Transport)
Jim Makgae | 073 735 9195 (Bemarking)
cdpauctions.co.za

AANLYNVOORWAARDES:
1) Fica dokumente met registrasie
2) 1% Aanlyn Veilingkommissie betaalbaar
Aanlyn registrasie en meer inligting: https://bid.cdpauctioneers.co.za/

CdP AUCTIONEERING SERVICES

CdP
ONLINE

CdP
SERVICES
ONLINE

CdP

CdP
NE SERVICES
ONLINE

CdP
NE SERVICES
ONLINE

CdP

CdP

OKBK *Veldram en Ooi veiling*

Auction Results

On Thursday, 30 January 2025, the OKBK Veldram & Ewe Auction took place in Somerset East. The highest priced Ram was Lot R10 (239185) which fetched **R 20 000.00** and was sold to Charl Kleinhans from Kleinpoort.

A total of 26 rams and 82 ewes were sold. Future Auctioneers thanks all buyers for an excellent auction. Central Saleyard Online did the online bidding platform and the auctioneer was Danie Strauss.

AVERAGES PRICES ACHIEVED:

2 Stud Rams (100% sold)	**R 12 000**
24 Flock Rams (100% sold)	**R 10 020**
11 Stud Ewes (99% sold)	**R 8 363**
74 Flock Ewes (98% sold)	**R 4 456**

FROM LEFT TO RIGHT: Mark Cockin (Future Auctioneers), Danie Strauss (Central Saleyard - Auctioneer), Nico Eyre (Buyer - Despatch), Piet Marais (Seller - Nuwejaarsfontein Boerbok stoet).

NAVRAE / ENQUIRIES:
• Pieter Fouche 072 828 9265 • Richard Biggs 082 896 9226 • Ilse Fouche 082 743 8342
AFSLAER / AUCTIONEER:
Danie Strauss 072 585 4028
POSBUS 119 / PO Box 119, Cathcart 5310 | admin@futureauctioneers.co.za

Duurste Ram: R20 000
Duurste Ooi: R17 000
Gemiddelddes is aangeheg.
Veiling is aangebied deur Future Auctioneers met Danie Strauss as afslaer.
Baie dankie vir almal se ondersteuning. Ons waardeer dit opreg.



Bron: Veeplaas tydskrif
Deur Carin Venter

Die **Oos-Kaapse Boerbokklubveldramprojek** is in 1998 deur verskeie lede van die Oos-Kaapse Boerbokklub begin met die doel om kuddeprodusente van eenvormige en goedaangepaste veldramme te voorsien. Die veldramprojek het in 2024 baie eenvormige ramme opgelewer en is vir die derde agtereenvolgende jaar onder die wakende oog van Marlé Slabbert van Osplaat Boerbokstoet bestuur.
Die 40 Boerbokramme wat op 17 April op Osplaat in die Jansenville-omgewing ingeneem is, is aanvanklik vir twee maande deur ’n aanpassingsfase gesit, gevolg deur ’n veldfase. *Veeplaas* het die keuringsproses op 23 Oktober 2024 bygewoon en meer te wete gekom oor die verskillende
fases waardeur die ramme gaan, asook die rede vir SA Stamboek se betrokkenheid by die projek.

Werksgereed en bewys

Gedurende die aanpassingsfase kry die ramme geleentheid om aan te pas by veranderde weidings- en klimaatstoestande. Marlé sê hul aanpasbaarheid word tydens hierdie fase getoets en gemonitor.
Die aanpasbaarheid van ’n ram is uiters belangrik, omdat kopers wat na die ramveiling gaan ’n aangepaste ram wil koop wat werksgereed sal wees en dadelik benut kan word sonder om ’n aanpassingsfase deur te gaan. Ná die aanpassingsfase gaan die ramme vir vyf maande deur ’n veldfase waartydens hul groei onder natuurlike omstandighede getoets word. Hulle voltooi albei fases sonder enige byvoeding en leef in die veld waar hul tweeweekliks nagegaan word om seker te maak hulle is gesond, parasietvry en sonder beserings. Hulle word ook maandeliks geweeg. Tydens die keuring in Oktober het 29 van die 40 ramme na die voerfase deurgedring. Dit behels ’n drie-maande tydperk waartydens die diere op die veld afgerond word ter voorbereiding van die jaarlikse Oos-Kaapse Boerbokklub-veiling (in Januarie) in Somerset-Oos.
“Die ramme kry wel voer om optimale gewigstoename gedurende die tydperk aan te moedig,” verduidelik Marlé. “Die ramme kry daagliks ’n sekere hoeveelheid voerpille, lusern, en vitamien- en mineraalaanvullings. Parasietbeheer word ook toegepas. Ons weeg hulle maandeliks om te bepaal hoe vinnig elke ram gedurende hierdie fase kan ‘herstel’. So is ons verseker dat hulle vinnig in ’n nuwe omgewing dekgereed sal wees.”

Ná die voerfase vind nog ’n keuring plaas om te verseker dat geen foute of ontwikkelingsprobleme ingesluip het nie. Dan word die ramme as stoet- of kudderamme vir die veldramveiling gekeur. Elke ram se groei-indeks en syfers van elke fase sal dan ook beskikbaar wees. Die keuringsproses Keurder, Stephanus Malan, sê ’n mens moet altyd onthou dat Boerbokke ’n vleisras is. Baie klem moet dus op vleiseienskappe geplaas word. “As Boerbokkeurders kyk ons na ’n dier se voor-, middel- en agterkwart wat presies volgens die rasstandaarde van ander vleisrasse beoordeel word. Ander belangrike eienskappe sluit in kleur, kopvorm, bek en spene, goeie lengte, breedte en diepte, en die algemene balans wanneer die dier stap. “ ‘n Boerbok se hakke moet reguit wees, anders word hy gediskwalifiseer. Wanneer ’n bok sogenaamd bakhakkig is, beteken dit sy hakke is na buite gedraai. As hy koeihakke het, is die hakke na binne gedraai. Van die kant gesien, moet ’n bok ook nie sekelhakke hê of regop op die hakke loop nie. Dit is ’n ekstensiewe ras en hy moet dus goeie loopvermoë hê.” Dit is nie so maklik om ’n keurder te word nie. ’n Voornemende keurder moet eerstens ’n junior kursus slaag alvorens twee senior kursusse met ’n slaagsyfer van 70% volg. Daarna word die persoon deur die Suid-Afrikaanse Boerboktelersvereniging genooi om ’n beoordelaarseksamen te skryf en daar moet jy jou storie goed ken.

As jy meet sal jy weet

Erick Joosten, SA Stamboek se tegniese adviseur in die Oos-Kaap, het tydens die keuringsproses op 23 Oktober 2024 aan Veeplaas verduidelik dat hulle rol is om die ramme se fenotipiese of gemete inligting te versamel. “Ons monitor die ramme se gewigstoename deur hulle gereeld gedurende die veldfase te weeg. Daarvolgens kan ons hul gemiddelde daaglikse toename, of dan groeitempo, bereken. “Ons neem ook die ramme se liggaamsmates en kyk onder meer na skouerhoogte om aan te teken hoe hoog die dier op ’n spesifieke ouderdom is. Liggaamslengte is ook belangrik – dit word bereken teenoor ’n ram se hoogte en word na verwys as die hoogte-lengteverhouding. Ons meet die borsomvang van elke ram om te bepaal of dit ’n invloed op ’n dier se gewig het. Die meting van borsbreedte en -diepte help weer om elke ram se raamtipe te bepaal.
“Laastens, en baie belangrik, meet ons ramme se skrotumomvang oor die breedste deel van ’n normaal-ontwikkelde skrotum, en bepaal of beide testikels teenwoordig is en ewe groot ontwikkel.

Skrotumomvang is die beste fenotipiese aanduiding van ’n ram se reproduksiepotensiaal.” Die ramme se skrotums word ook gemeet om die fisiese omvang daarvan op ’n sekere ouderdom te bepaal. Erick sê dit is baie belangrik om in ag te neem dat al die ramme nie presies ewe oud is nie. “Ons neem dus die jonger ramme se skrotumomvang in verhouding met hul liggaamsgrootte en ouderdom in ag, en dieselfde geld vir die ouer ramme.” Al hierdie inligting word op SA Stamboek se Logix-program gelaai, waar die data oor gewigstoename, groeitempo, liggaamshoogte- verhouding en skrotumomvang verwerk word. SA Stamboek werk ook korreksiefaktore uit waar ramme met mekaar vergelyk word en gekyk word hoe jonger en ouer ramme aanpas. Hierdie inligting word weer verwerk na ’n gestandaardiseerde ouderdom om ’n vergelyking tussen die jonger en ouer ramme te tref.

Waarde van seleksie

Al hierdie mates en inligting word gebruik om die wetenskaplike waarde van seleksie te bepaal en dus ’n vergelykbare maatstaf beskikbaar te stel waarvolgens al die ramme geëvalueer word.

Dieselfde liggaamsmates van die groep word na die voerfase herhaal, kort voordat hulle veiling toe gaan. Dit is om te bepaal of hulle tydens dié fase beter gegroei het of nie. ‘n Belangrike evalueringsaspek is die verskillende produksieomgewings en -stelsels van die ramme voor die toets. In hierdie opsig word inligting soos plek van geboorte, geboortedatum en geboortegewig (opsioneel), die grootmaakstatus (enkeling of meerlinge van ’n ooi) van ’n dier, en die weeg van ’n dier op ongeveer 100 dae-ouderdom om sodoende die speengewig te bepaal, verwelkom. Hiermee kan SA Stamboek bepaal uit watter streke van die land die bokke afkomstig is, en oor tyd ’n variasiekomponent in teelwaardemodelle daarstel. Daarom word Boerbok- en ander kleinveetelers aangemoedig om nie net hul diere aan te teken nie, maar ook deel te word van veldramklubs waar baie diere uit verskillende omgewings byeengevoeg word en waaruit die evaluerings gedoen kan word om wetenskaplike inligting te bekom. Die projek word ondersteun deur MSD Animal Health (jaarlikse inentings), Virbac (dosering elke drie weke) en OVK (voerverskaffing).

Vir meer inligting, kontak
Marlé Slabbert by 072 478 8322
of osplaat@gmail.com.

Die bittereinders ná die keuringsproses. Van links is Stephanus Malan, keurder van Paardefontein Boerbokstoet, PJ van Rensburg van Garsland-boerdery, Oubaas Slabbert van die Osplaat Boerbokstoet, JJ Jansen van Vuuren, OVK-takbestuurder in Jansenville, Johan Mellet, MSD Animal Health se tegniese verkoopsbeampte in die Oos-Kaap, Marlé Slabbert van die Osplaat Boerbokstoet en bestuurder van die veldramprojek, Louis Nell, keurder van Vaatjie en Louis Nell Boerbokstoet, Erick Joosten, tegniese adviseur van SA Stamboek/Logix in die Oos-Kaap, Richard Biggs van die Biggs Boerbokstoet en voorsitter van die Oos-Kaapse Boerbokklub, en Dawie en Boet Viljoen, Boerboktelers van Mon Desiré.

LOGIX

Die “Against All Odds” Produksie Veiling van die Atka Stoetery is aangebied deur Andre Kock en Seun te Vryburg.
CDP Afslaers het die aanlyn platvorm hanteer.

Duurste boerbok ram, lot 23, is verkoop vir R10 500, en die duurste ooi, lot 53, is verkoop vir R9000.

Hartlik geluk aan die Teler, Kopers en organiseerders van die Veiling.

Lot 2
Teler: Hein Booysen
Verkoop vir R45,000-00

Lot 16
Teler: Karsten Boerbokstoet
Verkoop vir R45,000-00

$STATSITEMRAS 01-02-2025-4 AFRICA BO

ITEM	RAS	GETAL	MAX_AMT	AVG_AMT
BOOI	BOERBOK	,20.00	46,000.00	14,325.00
BOOI+L	BOERBOK	,5.00	65,000.00	30,600.00
BRAM	BOERBOK	,3.00	19,000.00	16,333.33
DBOOI	BOERBOK	,26.00	47,500.00	15,846.15
DRAGTIGESTOETOOI	BOERBOK	,1.00	17,500.00	17,500.00
DSOOI	BOERBOK	,22.00	80,000.00	22,159.09
SBOOI+L	BOERBOK	,5.00	47,500.00	28,000.00
SOOI	BOERBOK	,9.00	16,000.00	12,555.56
SRAM	BOERBOK	,20.00	45,000.00	21,800.00

Die Noord-Kaap-veldramprojek, wat die tweede jaar met die Prieska-veldramklub saamwerk, het betreklik hoë gemiddelde pryse vir stoetdiere en aanteelooie aangeteken tydens hul veiling op 6 Februarie by Oranjerivier-voere in Prieska.
Die Noord-Kaap-veldramprojek is 40 jaar gelede gestig en sy eerste veiling is in 1986 op Griekwastad aangebied. Volgens die voorsitter, Jaco van Rensburg, is dit later na Kenhardt en Prieska uitgebrei.

“Die doel van die projek is om potensiële teelramme onder normale veldtoestande so akkuraat as moontlik te evalueer en met soveel inligting as moontlik tot ons beskikking aan produsente te bied.”

Hulle glo ook dat diere fenotipies geteel moet word om te reproduseer en nie volgens ’n bepaalde voorkoms wat die telers verkies nie. “Die belangrikheid van ’n dier se vorm is in die verlede oordryf en ekonomies belangrike eienskappe soos vrugbaarheid en groeivermoë het agterweë gebly.”

Die gemiddelde prys vir Boerbok-ramme was R14 600 (stoet) en R8 750 (kudde),
Gemiddelde ooiprys vir Boerbok ooie was R2 280,96, Wit Dorper R3 048,75, Boerbok R2 000.
Vleissentraal Port Elizabeth het die veiling aangebied en Danie Strauss was die afslaer.

Van links by die duurste ram op die tweede veiling van die Noord-Kaap-veldramprojek op Prieska is Rocco de Villiers (ORV), Egbert van Rensburg (verkoper) Johann van der Colff (koper), Danie Strauss (afslaer) en Stiaan von Wielligh (Vleissentraal). Die hanteerder is Pieter Baardman.
Foto: Verskaf

ITEM	VERKOOP	HOOGSTE	GEMIDDELD
KUDDE BOERBOK	4	11000	8750
STOET BOERBOK	5	32000	14600
KUDDE VAN ROOY	10	12000	9300
STOET VAN ROOY	3	10500	9833.33
T5 VAN ROOY	4	21000	17000

ITEM	VERKOOP	HOOGSTE	GEMIDDELD
DORPER	151	2500	2280.96
WIT DORPER	40	3700	3048.75
BOERBOK	25	2000	2000
MEATMASTER	189	3300	2415.61
MEATMASTER OOI EN LAM	28	3200	2825
VAN ROOY	49	2750	2443.88
VAN ROOY KRUIS	195	2350	2021.79